Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2018

GESKIEDENIS V1

PUNTE: **150**

TYD: **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie VRAESTEL bestaan uit SES vrae wat op die KABV-inhouds-raamwerk gebaseer is: DRIE brongebaseerde vrae in AFDELING A en DRIE opstelvrae in AFDELING B.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEUE

2. Bronmateriaal wat nodig is om brongebaseerde vrae te beantwoord kan in die bygaande ADDENDUM VAN BRONNE gevind word.

3. Elke vraag tel 50 punte.

4. Kandidate moet DRIE vrae beantwoord.

   4.1 Ten minste EEN moet ŉ brongebaseerde vraag en minstens EEN moet ŉ opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ŉ brongebaseerde vraag óf ŉ opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. Wanneer kandidate vrae beantwoord, moet hulle toepassing van kennis, vaardighede en insig demonstreer.

7. Blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal tot nadeel van kandidate wees.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

9. Begin elke vraag op ŉ nuwe bladsy en trek ŉ lyn aan die einde van elke vraag.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

HOE HET RUSLAND SE DEELNAME AAN DIE EERSTE WÊRELDOORLOG TOT DIE ABDIKASIE VAN DIE TSAAR GELEI?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D om die onderstaande vrae te beantwoord.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Lys DRIE bewyse wat aandui dat Rusland swak vir die oorlog toegerus was. (3 x 1) (3)

1.1.2 Waarom volgens die bron, het so baie soldate aan hul wonde beswyk? (1 x 2) (2)

1.1.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om die gevolge van Rusland se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog te verduidelik. (2 x 2) (4)

1.1.4 Hoe dink jy, het hierdie swak voorbereiding die soldate geaffekteer? (2 x 2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Gebruik jou eie kennis om die naam van die Tsarina te identifiseer. (1 x 1) (1)

1.2.2 Wie, volgens die bron, het ŉ groot invloed op die Tsarina gehad? (1 x 1) (1)

1.2.3 Definieer die konsep '*Duma*' binne die konteks van die Russiese Rewolusie. (1 x 2) (2)

1.2.4 Waarom, dink jy, het die Tsarina vir Goremykin vervang? (2 x 2) (4)

1.2.5 Lewer kommentaar op die stelling: 'Die amptelike regering van die Russiese Ryk was nou heeltemal in die hande van die Tsarina en haar adviseurs.' (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Wie volgens die bron,het die beheer van die Russiese regering oorgeneem nadat die Tsaar geabdikeer het? (1 x 1) (1)

1.3.2 Identifiseer TWEE onderdrukkende maatreëls wat die Voorlopige Regering aangeneem het om die mense se eise te onderdruk. (2 x 1) (2)

1.3.3 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die Voorlopige Regering nie in staat was om aan die eise van die mense te voldoen nie. (2 x 1) (2)

1.3.4 Verduidelik hoe die 'ondoeltreffende hervormings' van die Voorlopige Regering uiteindelik die weg vir Lenin se staatsgreep sou baan. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Watter boodskap wil die spotprenttekenaar oor die die Tsaar se verhouding met Rasputin oordra? (1 x 2) (2)

1.4.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om Rasputin se bydrae tot die ineenstorting van Tsarisme in Rusland te verduidelik. (2 x 2) (4)

1.4.3 Vergelyk Bronne 1B en 1D. Hoe ondersteun die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1D met betrekking tot die invloed van Rasputin op Tsarisme in Rusland? (2 x 2) (4)

1.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe Rusland se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog tot die abdikasie van die Tsaar gelei het. (6)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE GROOT DEPRESSIE?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Waarom volgens die bron, het die Amerikaanse regering die Fordney-McCumber Wet aangeneem? (3 x 1) (3)

2.1.2 Lys enige DRIE produkte wat as gevolg van die hoë invoerbelasting duur geword het. (3 x 1) (3)

2.1.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om die impak wat dié Wet op die ekonomie van Europese magte gehad het, te verduidelik. (1 x 2) (2)

2.1.4 Waarom dink jy was die Europese Moondhede oorlogskuld aan die VSA verskuldig? (1 x 2) (2)

2.1.5 Verduidelik hoe die Fordney-McCumber Wet tot die Groot Depressie bygedra het. (1 x 2) (2)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop aandui dat die VSA 'n hoë lewensstandaard gehad het in vergelyking met ander lande in die wêreld. (1 x 2) (2)

2.2.2 Lys TWEE elektriese toebehore wat baie gewild in die VSA in die 1920's geraak het. (2 x 1) (2)

2.2.3 Met verwysing na die woord AUTOMOBIEL, watter motor is in die VSA in die 1920's vervaardig? (1 x 2) (2)

2.2.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die produksie van motors die Amerikaanse ekonomie in die 1920's gestimuleer het. (2 x 2) (4)

2.2.5 Lewer kommentaar op waarom die periode van voorspoed 'nie vir ewig sou voortduur nie'. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Waarom, volgens die bron, het die prys van aandele in die 1920's toegeneem? (1 x 1) (1)

2.3.2 Noem EEN nywerheidsmaatskappy wat goeie opbrengste op hul aandele gekry het. (1 x 1) (1)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.3.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe mense geld gemaak het deur in aandele te belê. (2 x 2) (4)

2.3.4 Verduidelik waarom oorspekulasie tot die ineenstorting van die Wall Street-aandelebeurs gelei het. (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik Bron 2D.

2. 4 1 Wat kan jy leer oor die impak van die Groot Depressie op die Amerikaanse bevolking? (2 x 2) (4)

2.4.2 Vergelyk Bronne 2B en 2D. Hoe weerspreek die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2D met betrekking tot die Amerikaanse manier van lewe? (2 x 2) (4)

2.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die oorsake van die Groot Depressie verduidelik. (6)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU.

WATTER MAATREËLS HET HITLER GEÏMPLEMENTEER OM DIE JODE TE VERVOLG?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

3.1.1 Wat, volgens die bron, was die voorvereiste vir die bestaan van die Duitse volk? (1 x 1) (1)

3.1.2 Gebruik jou eie kennis om die begrip *'anti-Semitisme'* te definieer. (1 x 2) (2)

3.1.3 Beskryf TWEE maniere waarop die Duitse bloed suiwer gehou kon word. (2 x 1) (2)

3.1.4 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik hoe die Nuremburg Wette die Jode in Duitsland geaffekteer het. (2 x 2) (4)

3.1.5 Wat dink jy was die impak van die Nuremburg Wette op Jode? (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, het die aanval op die Joodse winkels op 10 November 1938 veroorsaak? (1 x 2) (2)

3.2.2 Noem DRIE teikens van die Nazi-aanvalle op die Jode. (3 x 1) (3)

3.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom Hitler die Jode gehaat het. (2 x 2) (4)

3.2.4 Waarom dink jy staan hierdie gebeurtenis as die *Kristallnacht* (Nag van Gebroke Glas) bekend? (1 x 2) (2)

3.2.5 Wat was die impak van *Kristallnacht* op die Jode wat in Duitsland gewoon het? (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die begrip *uitwissing* binne die konteks van die vervolging van Jode. (1 x 2) (2)

3.3.2 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat nie net Joodse mans in die gaskamers vermoor was nie. (2 x 1) (2)

3.3.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om Hitler se Finale Oplossing te verduidelik. (2 x 2) (4)

3.3.4 Lewer kommentaar op die vrou se stelling aan die soldaat: "Het jy geen hart nie?" (2 x 2) (4)

3.3.5 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die Finale Oplossing navors. (1 x 2) (2)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Vergelyk Bronne 3C en 3D. Hoe ondersteun die inligting in Bron 3C die bewyse in Bron 3D ten opsigte van die Finale Oplossing? (1 x 2) (2)

3.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die maatreëls wat Hitler geïmplementeer het om die Jode te vervolg, verduidelik. (6)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

'Die hoofdoel van die Vyfjaarplanne was om Rusland in 'n magtige nywerheids-staat te omskep.'

Stem jy saam met die bostaande stelling? Motiveer jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

'In 1933 het Roosevelt die Nuwe Bedeling geloods – 'n reeks maatreëls om die Amerikaanse ekonomie te red.'

Bespreek die geldigheid van hierdie stelling deur na die impak van die Nuwe Bedeling op die ekonomie van die VSA te verwys. **[50]**

VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU.

'Die Australiërs het geglo dat die Inheemse bevolking (Aborigines) biologies minderwaardig was en gevolglik nie as mense behandel moes word nie.'

Tot watter mate is hierdie stelling akkuraat met betrekking tot die behandeling van die Inheemse bevolking (Aborigines) deur die Australiese regering? **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore